

## Maandag 11 Maart

**Skrifgedeelte: Josua 9:1-27**

**Fokusgedeelte: Josua 9:14**

### **God doen sy beloftewoord gestand – hou met Hom rekening!**

Die Here het aan Abraham en sy nageslag 'n belofte van bodem en bodem gegee. 'n Groot nageslag vir Abraham het uit Egipte trek, deur die woestyn geswerf, deur die Jordaan getrek, Jerigo ingeneem en ook Ai. Só het God sy beloftes gestand gedoen. Nou hoor ons, aan die begin van die veldtog om die suide van die land in te neem – 'n verdere vervulling van die Here se beloftes – van 'n hartseer gebeurtenis.

Die nuus van Jerigo en Ai se val het die Gibeoniete die skrik op die lyf gejaag. Hulle beraam 'n plan om los te kom van die dreigende gevaar van Josua en Israel wat die land inneem en soek die goedgesindheid van Josua en die leiers van die volk. Wanneer die Gibeoniete voor Josua en die Israeliete staan, bedrieg die skyn. Die Israeliete is só seker van hulleself dat hulle nie met God rekening hou nie, en nie om sy wil, raad en leiding vra nie.

Deur hierdie nalatigheid van die volk kom die belofte van bodem in gedrang. Satan – deur die Gibeoniete – probeer hierdeur verhinder dat die volk die beloofde land ten volle inneem tot eer van God. Deur die bedrog van die skyn en deur nalatigheid poog Satan steeds om hindernisse in die vervulling van God se verbondsbeloftes te werp.

Aan jou, as Nuwe-Testamentiese gelowige, is daar ook baie kosbare beloftes gemaak met jou doop (lees gerus weer wat alles aan jou belowe is!). En God doen sy beloftewoord gestand op grond van die verlossingswerk van Jesus Christus en deur die kragvolle werking van die Heilige Gees.

Wees baie waaksaam om nie ook deur die skyn bedrieg te word nie. Wat God beveel, moet nougeset gehoorsaam word – moenie beteweterig wees en vergeet om met Hom rekening te hou nie: Soek Hom, soek sy aangesig, soek sy leiding elke dag. Want die vervulling van sy beloftes vind nie outomaties buite jou verantwoordelikhede wat Hy op jou lê, plaas nie. Langs die weg van geloof en geloofsgehoorsaamheid vervul die Here die beloftes van sy verbond aan jou.

*Sing: Psalm 105-1:3, 5*

*Ds. JC van Dyk (Jannes) (Ventersdorp)*